

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Gesag en invloed” Wie is dit in ons lewe?

Skriflesing: Lukas 7:1-10

Broodjies vir die pad

koedoes

soggens skuif die son ons voete warm
 tot in die sy, waar ons strepe hang
 ons is bokke, koedoes
 in die heelal
 uitgesprei oor die koppe, die rante, hange, valleie, klowe,
 kranskoeltes, digbegroeide rivierloopdraaie, aalwynknoppe, swart
 olienskadu's
 en hierin wentel ons, saam, oor plaasdrade, teen wildheining af
 op soek na oorsprongplek, op ou bergpaadjies langs, om besembos
 en blinkblaar,
 oor suurpol en rooigras, verby klipstapel en rotshoop, die planeete
 van
 dassies, rooikat, ystervark, vlakhaas, pofadder, bleekvlerkspreu
 en ons kalm oë drink die wip van die uur
 aaneengestroom, onafgebroke
 nie as tyd nie
 maar as leeftyd
 by die koel fontein
 voed ons die aarde, en die aarde ons
 neuse raak aan mekaar en god,
 'n skepping, lippe vol intieme
 elektrisiteit fotosintetiseer
 deur die somer, herfs, winter, lente
 ente pyn, seer van hart,
 korte duur, elle lang,
 leef en beef
 tot vul
 wat uit
 die herd ontsnap
 die drade knip
 die gewelf ontglip
 ek kyk na jou
 en jy na my
 en ons bene lê die wêreld wit
 ons lied se sleepsel kwispel lispel
 in die tuig om strydros
 die juk op trekos
 kreun en kraak

die werwels wat
 ons legkaart bou
 in lig wat nou
 is son wat
 sak
 ons is bokke, koedoes
 in die heelal
 saans trek die nag ons toe
 ons vou ineen en hang
 soos vlermuise
 in die wind

Toast Coetzer

<http://www.litnet.co.za/koedoes/>



Reis na die dood moet eers wag

Bakkes se taalgebruik is soos skyfies biltong en bly jou by, skryf JB Roux.

Was Elsa Joubert se Gordel van smarag dekades lank die jongste Afrikaanse reisjoernaal (wat hom buite die landsgrense afspeel) totdat C. Johan Bakkes se Moer toe die vreemde in in 2001 verskyn het, 'n reisvertelling oor sy eskapades in Afrika? Is Bakkes Afrikaans se eie Paul Theroux, een van die vorige eeu se omstrede en bekendste reisskrywers? En is Bakkes ons voorste hedendaagse reisjoernaalskrywer nêr omdat daar geen mededingers is nie?

Bakkes, 'n gomtor met 'n pyp vol Boxer-tabak en 'n bos hare waarin 'n rot kan verdwaal, het die aarde deurkruis en duisende lesers met hom saamgeneem. Openbaring is sy sewende reisjoernaal.

Bakkes reis grondlangs. Hy skryf grondlangs, práát grondlangs. Die taalgebruik is soos skyfies biltong, met sinne wat jou bybly, soos: “Die laaste ruk en spesifiek op dié reis het ek moeite gedoen om myself dood te lewe.”

Hierdie keer vertel Bakkes om die beurt van sy wedervaringe in Sibirië, die koudste plek op aarde, en sy reis na 'n afgesonderde gehuggie in Ethiopië, die wármste plek op die ondermaanse waar mense nog net-net oorleef. Slim van hom om die twee uiterstes en hul inwoners teenoor mekaar te stel. Bakkes se vermoë om plesier in eenvoud te vind, ook wat mense betref, is 'n plesier op sy eie. Dit sluit sy medereisigers in wat, nes Bakkes self, gereeld wysheid vind in enigiets van bier tot wodka, soos: “'n Reisiger na desperate plekke moet weet desperate plekke het desperate mense.”

Nie dat dié boek 'n versameling dronkmanstories is nie. Soberheid is daar genoeg, soos op bladsy 561: “Hoe ons wil doodgaan, lê nie in ons hande nie – hoe onregverdig dit ook al is.”

Die aanhaling voor in die boek, deur die skrywer self uitgedink, sluit die titel oop: “Skryf is vir my 'n proses waardeur ek myself aan myself probeer verduidelik.”

Die slothoofstuk (ook genoem Openbaring) bied nugtere besinning: Vir Bakkes is reis 'n filosofie. Bakkes weet goed: Die verskil tussen 'n reisjoernaal en 'n góeie reisjoernaal, is 'n skrywer wat homself al reisende (en al skrywende) ontdek. In

dié boek is daar heelwat bepeinsinge oor lewe en dood, veral omdat die skrywer vroeër met kanker gediagnoseer is, maar moes hoor dat hy nie terminaal siek is nie: Die reis van lewe na die dood sal eers moet wag.

Daar is 'n enkele fout, op bladsy 237: Aleksei, seun van die destydse tsarina Aleksandra, het nie aan leukemie gely nie, maar aan hemofilie.

Die greinerige swart en wit foto's het 'n eie sjarme en verryk die teks. Die geskiedenislessies is net mooi lank (of kort) genoeg en is goed by die teks geïntegreer. Met 'n spul ongetemde, middeljarige Afrikanermans wat in die verre rondploeter raak die storie soms rof, maar Siberië (en Ethiopië) is nie vir sissies nie: Die reis van siel tot siel en kontinent tot kontinent moet vreesloos aangepak word.

Paul Theroux is nie ter sprake nie: C. Johan Bakkes is Afrikaans se eie C. Johan Bakkes. Leunstoelreisigers sien ywerig uit na sy agtste boek.

• JB Roux is 'n vryskutjoernalis.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/reis-na-die-dood-moet-eers-wag-20160521>

Brood vir die pad

By die afskeid van Winnie Rust

Naomi Meyer

"Ek het my voorgeneem om nie vandag namens iemand te praat nie," sê Chris van der Merwe, Winnie Rust se broer, toe hy aan die woord is. "Ek wil eerder almal vandag hier uitnooi om te dink aan persoonlike herinneringe wat julle van haar het. So word dit dan waarlik 'n gedenkdien."

Almal wat hier is, het hy gesê. En die grootste deel van Wellington was daar. Die dorp, vir wie Winnie Rust goed was, het gekom om Winnie Rust – skrywer, betrokke by die kunste en bekende van die omgewing – te groet. Tussen algemene dorpsbewoners van die groter omgewing word letterkundiges en kunsgalerybestuurders opgemerk, asook kinders geklee in die drag van die skole waarin Rust se kleinkinders is: Rhenish en Laerskool Stellenbosch.

Voor Chris van der Merwe was Eugenia Wiggins, 'n gemeenskapslid van Wellington en 'n vriendin van Rust, aan die woord. Sy het gepraat oor hierdie "eerste vrou van die dorp". Dis haar beskrywing van wie Winnie Rust was. Sy noem ook ander dinge: Rust was op skool hoofmeisie, later sameroeper, organiseerder, betrokke by die kunste en by die musiek. Welddoener. Skrywer. En vrou, ma, ouma. Maar wat die heel meeste saakgemaak het, is nie al haar prestasies en toekennings nie, maar die mens wat sy was.

Sy was 'n liefhebber van Eybers en van Breytenbach, sê Wiggins. En daarop lees sy 'n uittreksel voor uit 'n gedig deur een van Rust se ander gunstelingdigters, Emily Dickinson.

Because I could not stop for Death

Because I could not stop for Death
He kindly stopped for me
The Carriage held but just Ourselves
And Immortality.

We slowly drove – He knew no haste
And I had put away
My labor and my leisure too,
For His Civility.

Wiggins sluit haar huldeblyk af met die woorde wat sigbaar met die skare resoneer: "Met liefde, van ons almal."

Hierna is Chris van der Merwe aan die woord. Sy woorde is aanvanklik aanprysings vir sy suster die skrywer. Hy noem haar drie werke: *Martha*, 'n verhaal oor *Martha Solomons*, *Countess of Stanford* (2004), *Margie van die Seminary* (2011) en *Trek* (2013). *Martha* het in 2005 die kortlys vir die *Rapport*/Jan Rabie-prys gehaal.

Toe sy huldeblyk persoonlik raak, en hy na die verlies van haar kinders en veral haar kleinkinders verwys, oorweldig sy emosie hom.

Die Hoërskool Hugenoot sing hierna die volgende lied:

Ngob' umthathile umntwana wakho
Uhthate nathli ...

Because You have taken away your son,
please abide with us ...

Ds Lettie Buchner het uit Johannes 20:11 gepreek, 'n gedeelte waarvoor Winnie Rust onlangs nog baie met haar kinders gesels het.

Buchner het droogweg opgemerk dat as Winnie Rust vandag kon kies wie by haar begrafnis moes preek, dink sy dat sy dit self sou wou doen. "Winnie het daarvan gehou om te preek, maar, anders as soveel dominees, sonder verwyte."

Ná afloop van die diens is die kis onder geklank van die kerkklok by die kerk uitgedra. Begrafnisgangers, wat in 'n erewag gestaan het, het blombare gestrooi.

Winnie Rust laat 'n sigbare leemte, maar sy laat 'n veel groter nalatenskap. Sy sal nie vergeet word nie.

<http://www.litnet.co.za/die-afskied-van-winnie-rust/>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

Lied 525

Here, hoe blymoedig
en in dank oorvloedig
maak U my die hart.

U gee ons u seën

soos 'n milde reën;

U vertroos in smart.

Ja, ons weet, ook in ons leed

leef ons onder u genade;

vrees ons nie die kwade.